

6 Julie

Deuteronomium 8:1-20 (8:3-5)

God leer sy volk nederigheid om sy Woord te gehoorsaam

Die mens wat nederigheid geleer het onderwerp hom aan die Woord van God. In 'n humanistiese wêreld waar die vermoë van die mens beklemtoon word, is totale afhanklikheid van God 'n vreemde konsep. Geloof strek dan ook net so ver soos menslike vermoë.

Wanneer die volk uit Egipte trek moes hulle geleer word dat God die absolute heerser is en dat hulle van Hom afhanklik is vir hulle voortbestaan. In Egipte was voorspoed verseker deur 'n vennootskap tussen die gode en die aanbidders en was hulle interafhanklik van mekaar. Indien die Egiptiese volk nie 'n god reg gedien het nie kon dit lei tot rampe, maar indien 'n god nie aan die volk voorsien het nie kon 'n ander god aanbid word en die god in vergetelheid verval. En sê verse 2 en 3 die volk van God weer nederigheid en afhanklikheid van God geleer moes word. "Jy moet onthou hoe die Here jou God nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het. Hy het dit gedoen om jou nederig te laat word en om jou op die proef te stel sodat Hy kon weet wat jy dink en of jy sy gebooie sal gehoorsaam of nie".

Gedurende die reis van Egipte het die volk telkemale in 'n doodloopstraat beland waar menslike vermoëns te kort geskiet het en het God met wonders elke keer hulle afhanklikheid van Hom getoon. Hy het dit gedoen dat hulle kon leer "dat die mens nie net van brood leef nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom" (vers 3). God is die Een wat voorsien. Die Here het ook sy volk laat swaarkry, om hulle "soos 'n man dissipline by sy seun kweek" te leer om elke oomblik van die dag op Hom alleen te vertrou. Die Here moet ons nog daaglik leer om op Hom te vertrou vir alles wat ons nodig het vir ons woestynreis na die ewige koninkryk van God.

Sing: Psalm 131; Skrifberyming 1:1-3 Ds. R.P. van Wyk (Grassy Park)